# OPMERKINGE OOR GELOOF EN GELOOFUITSPRAKE

*J W V van Huyssteen*

Enige poging om die geloofsgebeure as belewenis, as egte betekenisvolle ervaring beter te probeer begryp, stuit vroeër of later voor die skyn=baar eenvoudige vraag: *wat is geloof?* Op hierdie vraag sou vanuit verskillende perspektiewe uiteenlopende antwoorde gegee kon word. As voorlopige eerste antwoord sou miskien gestel kon word: geloof, in al=gemene sin, is 'n daad van spontane oorgawe, die belewenis van 'n onvoor=waardelike vertroue. Hierdie oorgawe en vertroue kan selfs lei tot 'n daad van selfprysgawe. In hierdie sin vind geloof as spontane gebeure opvallende parallelle in ander vorms van ekstatiese ervaringe.

Vanuit spesifiek christelike perspektief gesien, word geloof dit waardeur die verbondenheid van die individu met Jesus Christus ontstaan. Ook hier is geloof 'n daad van spontane oorgawe asook die onvoorwaardelike ver=troue dat in Jesus van Nasaret die enigste ware God hom openbaar het.

As daad van spontane oorgawe en vertroue sluit geloof direk aan by *ver=troue* as grondliggende lewensmoment van die individu. Elke mens leef daagliks vanuit 'n bepaalde *oervertroue* met sy onmiddellik voorhande werklikheid. Hierdie oervertroue vorm nie alleen die grondslag van 'n sekure lewenshouding en daarmee van 'n gesonde persoonlikheidsontwikke=ling nie: hierdie oervertroue of oergeloof, wat die mens nodig het om mens te wees staan nie alleen in direkte relasie tot die voorwerpe en persone van my leefwêreld nie maar reik ook ver bó dit uit na dit wat nie onmiddellik voorhande is nie, naamlik die vraag na die diepste sin, die werklike betekenis van ons bestaan.

Die onbepaalde oervertroue van die mens loop daarom altyd weer uit op die vraag na die sin en betekenis van ons werklikheid. Wanneer hierdie sinvraag binne die konteks van geloofsbelewing gevra word, vra hierdie geloof altyd weer na 'n definitiewe gegewe, 'n 'objek', 'n bepaalde in=houd waaraan vertroue geheg sou kon word. Daarom ook het alle gods=dienste 'n definitiewe geloofsinhoud, 'n 'Iemand' waarop vertrou en waarin geglo kan word.

Vir die christen is Jesus van Nasaret die onverwoesbare grond waarop die

gelowige sy vertroue in God kan vestig en waarop hy sy geloof onvoor=waardelik kan rig. Dit is veral belangrik omdat die christen besef dat niemand God ooit gesien het nie (Joh 1:18), en dat wat die gelo=wige mens 'sien' in elk geval net 'n aanknopingspunt en grondslag vir sy vertroue is. Alle religieuse vertroue/geloof word dan ook geken=merk deur die oortuiging dat die sin en betekenis van ons werklikheid nie slegs bestaan uit wat sigbaar en voorhande is nie.

Juis vanweë hierdie openheid, wat bo die sigbare en voorhandene uit=gaan, gryp 'n gelowige vertroue altyd vooruit op dit wat onsigbaar is, op dit wat nie gesien en finaal bewys kan word nie. Juis daarom kan 'n gelowige vertroue dan ook ontnugter, geskok of teleurgestel word. Juis daarom word 'n gelowige vertroue altyd begelei en selfs bedreig deur twyfel. Geloof en twyfel sluit mekaar daarom nie uit nie, maar twyfel is soos 'n skaduwee wat geloof en vertroue oral volg.

Deur sy geloof gryp die gelowige dus in ope vertroue vooruit op 'n geheel wat hy vanuit homself alleen nie sou kon oorsien nie. Juis om hierdie rede sou die diepte van belewing en die bevrydende krag van geloof volledig ingeboet word wanneer geloof op intellektualis=tiese vlak gereduseer sou word tot 'n blote teoretiese vir-waar-hou van 'n sekere geloofsinhoud. Blote teoretiese kennis is nog geen geloof nie. Selfs die aanvaarding van sekere teologiese probleem-gegewens is nog geen geloof nie.

En tog sluit geloof natuurlik wel 'n kernelement van vir-waar-hou in: geloof is pas egter geloof wanneer dit ook na 'tasbare' aanknopings=punte vra, wanneer dit wat in geloof ervaar word ook 'n appel op in=sig uitoefen sodat met vertroue gesteun kan word op dit wat geglo word. Die betroubaarheid van die geloofsinhoud bied daarom 'n fondament vir vertroue in wat in die geloof van die toekoms verwag word. In hierdie sin bied die geloofservaringe van die christen vir hom dan aanknopingspunte op grond waarvan hy hom in vertroue op 'n onsigbare werklikheid verlaat. Vir die gelowige is hierdie vertroue terselfder=tyd 'n belydenis van die werklikheid van God.

Hiermee word dit ook duidelik waarom geloof andersyds nooit as blote blinde geloof gedegradeer kan word tot 'n irrasionele geloofsubjekti=visme nie. Geloof mag nooit *kreatief* word in die sin dat om te *glo* dieselfde word as om te *besluit* dat iets *waar* is nie. Die *daad* van

die geloof mag daarom nooit die *inhoud* van die geloof bepaal nie, want geloof geskied nie 'per besluit' nie, maar veel eerder op grond van die oortuigingskrag van dit wat geglo word.

Bevryding van 'n verintellektualisering of versubjektivering van geloof is slegs moontlik wanneer as *vertrekpunt* reeds ingesien word dat geloof, as daad van spontane vertroue, 'n sekere kennis van wat geglo word vooronderstel: kennis van 'n bepaalde *geloofsinhoud* waaroor *geloofs=uitsprake* gemaak word.

Hoe moeilik dit daarom ookal is om die aard van geloof te omskryf, is dit ten minste duidelik dat geloof vir ons tasbaar word slegs deur middel van die taal van mense: *geloof* en *geloofservaringe* is daarom altyd verwoord in uitsprake óór hierdie geloof, met ander woorde, in *geloofsuitsprake*.

'n Besinning oor die aard van geloof is daarom nooit volledig voordat ook gevra word na die aard, die struktuur en die herkoms van geloofs=uitsprake nie. Op die vraag: wat is 'n geloofsuitspraak?, sou as eerste antwoord kon geld dat 'n geloofsuitspraak 'n uitspraak is wat daar net so uitsien as ander is-uitsprake, maar met dié verskil dat daar 'ek glo' voor staan. Die eintlike vraag waarom dit gaan, is dus: wat impli=seer dit dat daar voor hierdie besondere tipe van uitsprake 'ek glo' staan?

Om 'n antwoord te vind op hierdie moeilike vraag is dit nodig dat ons vier belangrike onderskeidings sal maak: vier vlakke waarop die geloofs=daad en die rol van geloofsuitsprake telkens nader gepresiseer sal moet word: eerstens figureer geloofsuitsprake op die spontane geloofsvlak, met ander woorde op die vlak van die spontane, nie-gereflekteerde doen en late van gelowige mense. Tweedens figureer geloofsuitsprake op konfessionele vlak: hier word die spontane geloofsbelewing opgevang in 'n bepaalde ge=sistematiseerde 'antwoordende' refleksie binne die ruimte van die christe=like gemeenskap. Op kerklik konfessionele vlak figureer geloofsuitsprake hier as antwoordende beslissings op die vraag na die 'ware leer'. Derdens figureer geloofsuitsprake ook op wetenskaplike vlak: die spontane geloofs=belewing, soos opgeneem en gesistematiseer deur die refleksie van die kon=fessionele groep, word hier verder opgeneem in 'n sistematiese teoretiese refleksie oor wat ook al konfessioneel onder woorde gebring was. Dit gaan hier dus om die teologiese denke in sy wydste verband.

Vierdens kan geloofsuitsprake ook op wetenskapsfilosifiese vlak figu=reer. Hier word die refleksie oor geloof en geloofsuitsprake tot kri=tiese refleksie en word gevra na die struktuur en herkoms van geloofs=uitsprake, met ander woorde, na die metode- en teorievorming wat in die totstandkom van geloofsuitsprake figureer.

Refleksie oor geloof en geloofsuitsprake, op beide teologiese en wetenskapsfilosofiese vlak, bring noodwendig 'n bepaalde kritiese dis=tansie tot die spontane geloofslewe mee. Vanuit wetenskapsfilosofiese vlak blyk dit origens dat geloof, in al sy kompleksiteit, afhanklik is van die waarheid van die is-sinne wat direk of indirek in geloofsuit=sprake geimpliseer is. Vanuit so 'n vraagstelling sal as sentrale probleem kon geld die vraag of geloofsuitsprake inderdaad klốp, of dit inderdaad werklikheid beweer.

Om hierdie rede reeds kan nie verwag word dat die waarheid van geloofs=uitsprake aanvaar moet word bloot op die gesag van *ander* nie. Die vraag na die struktuur en herkoms van geloofsuitsprake beteken dan ook om 'n beroep te doen op *eie* insig en ervaring wanneer dit om die waarheid van christelike geloofsuitsprake gaan. Wanneer daar, wat betref geloof en geloofsopvattinge, alle beroep op insig en ervaring *uitgesluit* sou word, sou slegs nog teruggeval kon word op een of ander vorm van outoriteitsdenke. Vir die kritiese teoloog is juis hier 'n belangrike taak: indien ons ons geloof en geloofservaringe slegs in terme van geloofsuitsprake het, impliseer hierdie geloofs*uitsprake* ook geloofs*opvattinge*. En juis wat hierdie geloofsopvattinge betref moet bepaalde dogmatistiese, outoritêre en dus onmondigmakende teorieë ontmasker word.

Van hieruit word dit ook belangrik om daarop te let dat ons geloofs=opvattinge - die geloofsuitsprake waarin ons ons geloof verwoord - gedra word en bepaal word deur sekere geloofwaardigheidstrukture wat dit aanvaarbaar maak, of wat tot 'n geloofwaardigheidskrisis kan lei. Van groot belang hier is dus insig in die wedersydse afhanklikheid van gemeenskap/groep en dit wat deur 'n bepaalde gemeenskap as 'waar' ervaar word. Vir die oortuigingskrag van bv 'n bepaalde godsdiens=tige waarheid, of dus van die wyse waarop 'n bepaalde godsdienstige waarheid uitgespreek word, is hierdie gegewe van groot belang: binne 'n bepaalde gemeenskap, met hul oortuiginge van wat reg of verkeerd, waar of onwaar is, funksioneer dus geloofwaardigheidstrukture wat as

*steunverleners* ten opsigte van sekere geloofsoortuiginge kan funksioneer. Veranderende geloofsuitsprake sou ook uiteindelik tot nuwe geloofwaardig=heidstrukture kon lei. Veranderende geloofwaardigheidstrukture sou egter ook die geloofwaardigheid van geloofuitsprake kon verander.

Die grootste problematiseringsfaktor ten opsigte van geloof en geloofs=uitsprake lê egter by die feit dat hierdie uitsprake geformuleer word as beweringe wat op universele geldigheid aanspraak maak. Die werklike pro=bleem rondom histories en sosiaal bepaalde geloofsuitsprake is dus dat dit beweringe meebring wat pretendeer om die waarheid oor God, die mens en sy wêreld uit te spreek.

Sentraal hier is nou nie alleen die vraag na die aard van die geloofs=uitsprake wat dien ter formulering van wat geglo word nie, maar ook die kernvraag: waar kom hierdie uitsprake vandaan en wat is hul werklike status ás uitsprake? Indien ons sou ervaar dat die godsdienstige 'status' van geloofsuitsprake van hul *herkoms* afhang, word ons egter onmiddellik met 'n verdere probleemvraag gekonfronteer: indien die herkoms van geloofsuitsprake terugverwys na die *inhoud* van ons geloof, wys die her=koms van ons geloofsopvattinge dan heen na die openbaring van God? En indien wel, sou ons geloofs*inhoud*, soos vervat in ons geloofs*opvattinge*, ook die rang van openbaring hê?

Hierop sou natuurlik geantwoord kon word: die inhoud van ons geloof is die resultaat van God se openbaring aan ons, en die geheel van christe=like geloofsuitsprake sou daarom as geopenbaarde waarhede met goddelike gesag kon geld. So 'n opvatting sou verander kon word in uiteenlopende geloofwaardigheidstrukture: òf die kerk is as gesagsinstansie in besit en in beheer van die sentrale 'geloofswaarhede'; òf die gesag loop via die Bybel wat self die hoogste gesag is en as sodanig die depot waar geloofswaarhede te vinde is. Die gevare van 'n outoritêre kerkisme òf biblisisme is hier onmiskenbaar.

Die Bybel as openbaring van God, en dus as primêre bron van die herkoms van ons geloofsuitsprake, kom vandag egter in 'n nuwe lig te staan van=weë die ontdekking van die historisiteit van die Heilige Skrif sélf, asook dus vanweë die dubbele hermeneutiese probleem wat leser en teks skei. 'n Meer genuanseerde Skrifbeskouing lei dan ook tot insig in die feit dat, wanneer 'n bepaalde geloofsuitspraak gelykluidend met 'n Bybelse uitspraak is, dit nie noodwendig klop met die intensie van die

uitspraak òf sonder meer waar hoef te wees nie. Bybelse uitsprake, as grond vir alle geloofsuitsprake, is daarom uiteindelik slegs deur noukeurige interpretasie toeganklik.

Uit alles wat tot dusver gesê is, moet nou reeds duidelik blyk: geloofsuitsprake (hetsy op spontane geoofsvlak, konfessionele vlak, teologiese of wetenskapsfilosofiese vlak) is altyd histories bepaald en as sodanig *mensewerk*. Godsdienstige geloof is altyd geloof van mense in God, 'n saak van mense wat uitsprake maak en opvattinge formuleer óór God. Selfs die gedagte dat God hom *openbaar* het, hef dit nie op nie: inteendeel, dit beteken veel eerder dat mense, op grond van wat hulle 'van onder' ervaar en insien, bely dat dit in wese 'van bo' kom.

Die vraag na die herkoms van geloofsuitsprake kan dus beantwoord word met verwysing na die *geskiedenis van die godsdienstige ervaringe van mense*. Dit is terselfdertyd 'n verwysing na die sinvolle wyse waarop 'n bepaalde historiese konteks daarin slaag om op oortuigende wyse aan 'n maksimum van ervaringsgegewens 'n sinvolle plek ten opsigte van mekaar én ten opsigte van die geheel van ervaringsgegewens te gee - die graad dus waarin 'n bepaalde historiese konteks daarin slaag om God op sinvolle wyse ter sprake te bring.

Binne hierdie historiese konteks of interpretasiekader word ook ingesluit die oorleweringshistoriese betekenis wat daar aan bv die Bybel, 'n bepaalde christelike tradisie of die standpunte van gesagsfigure (soos bv ouers) gegee word.

Terwyl die vraag na die *herkoms* van geloofsuitsprake so beantwoord word, is die vraag na die *waarheid* van hierdie tipe uitsprake egter nie te beantwoord deur 'n blote verwysing na 'n bepaalde interpretasiekader of historiese konteks nie. Miskien moet daar in hierdie verband nader onderskei word tussen *waarheid* en *geloofwaardigheid*: 'n geloofsuitspraak is geloofwaardig wanneer dit, in vooruitgrype op 'die waarheid', vir so 'n groot as moontlike groep insigtelik gemaak is. Geloofsuitsprake het daarom 'n *ontwerp*karakter. Maar juis in die voorlopigheid daarvan gryp dit vooruit op wat geglo word, op dit wat in die geloofsuitspraak met vertroue beweer word.

Sonder hierdie vooruitgrypende aard van geloofsuitsprake, sou geloof ont=aard in 'n irrasionele daad, 'n sekerheid sonder gronde. So 'n geloof sou nie meer van willekeur onderskei kon word nie.

Geloof in God beteken vir die christen geloof in 'n God wat mag oor alles het. Hiermee is terselfdertyd 'n hanteerbare kriterium gegee vir die waarheid van ons godsdienstige geloof: 'n God wat nie mag oor alles het nie sal nie kan bly 'voortbestaan' nie en sal in sy val ook die gods=dienstige geloofwaardigheidstrukture meesleep wat sy 'bestaan' nog vir waar wou behou. Die gelowige christen kan daarom nie glo dat sy God deur ander 'magte' te oorwin is nie. Geloof in God is daarom altyd geloof in die uiteindelike oormag van God.

Dat God mag oor alles het, is natuurlik, wat sy *herkoms* betref, ook weer 'n geloofsuitspraak: wat sy *inhoud* betref, bied dit ons egter 'n kri=terium om te onderskei tussen 'n ware en 'n onware godsdienstige geloof.

Geloof in God verwoord ons dus in ons geloofsuitsprake en hierdie uit=sprake het 'n ontwerpkarakter. Terselfdertyd is dit egter ook duidelik dat die geloof, as *geloofsdaad*, as vertrouende oorgawe, 'n antisiperende vooruitgrypende struktuur het. Geloof is per slot van rekening gerig op, en gryp vertrouend vooruit op die heil van God soos geopenbaar in Jesus Christus. *Kennis* van hierdie vooruitgrypende openbaring, soos geformuleer in geloofsuitsprake, korreleer met die objek van geloof en bly 'n voorlopige ontwerp na die waarheid. Hierdeur word nie alleen die noodwendigheid van die menslike subjektiwiteit gehonoreer nie, maar ook die relatiwiteit en voorlopigheid van alle geloofsuitsprake, en daarmee van geloofsopvattinge.

Ten slotte: geloofsekerheid lê in die sekerheid-skenkende *inhoud* van die geloof. Dit kan die mens slegs verkry wanneer hy God self teëkom (vgl Hebr 11:1). Ontbreek hierdie ervaring, verdwyn ook die sekerheid van die gelowige mens, dit wil sê, sy vertroue dat God ook werklik is soos wat hy in ons ontwerpende geloofsuitsprake voorgestel word.

Naas hierdie *geloofsekerheid* erken die gelowige egter die *voorlopigheid* van sy tastende geloofsuitsprake (1 Kor 13:9-12; Joh 1:18), en moet hy bereid wees om die menslikheid en korrigeerbaarheid daarvan te erken. Hierdie insig kan uiteindelik slegs tot nederigheid oor sy eie opvattinge en verdraagsaamheid oor 'n ander se geloofsuitsprake lei.

## *LITERATUUR*


Hodges, A A 1979 *God beyond knowledge.* London: McMillan

Needham, R 1972 *Belief, language and experience.* Oxford: Basil Blackwell

Koningsveld, H 1979 *Het verschijnsel wetenschap.* Amsterdam: Uit=gevers Boom

Kuitert, H M 1974 *Zonder geloof vaart niemand wel.* Baarn: Ten Have

Kuitert, H M 1977 *Wat heet geloven?* Baarn: Ten Have

Pannenberg, W 1974 *Thesen zur Theologie der Kirche.* München: Claudius Verlag

Pannenberg, W 1973 *Wissenschaftstheorie und Theologie.* Frankfurt am Main: Suhrkamp

Sauter, G 1973 *Die Theologie und die neuere wissenschaftstheo=retische Diskussion.* München: Kaiser Verlag.